VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

19 JULIE 2020
HERDERSBRIEF #33B

Ons groet u in Jesus,

**DIE APOSTELSKAP VAN JESUS CHRISTUS** – ***Heb. 3:1.***

*"Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,"*

Dit is opmerklik, dat die Nuwe Testamentiese Kerk verstaan en geweet het, dat: **JESUS CHRISTUS HULLE APOSTEL IS** – en dat alle verordineerde leierskap, onder Sy regeringskap (Hoof van die Kerk) gefunksioneer het.

Die ware Kerk, neem nie besluite sonder Sy goedkeuring nie. Hierdie beginsel is reeds in ***Spr. 3:6*** vasgelê: *"Ken Hom in al jou weë"* **–** ons doen **NIKS**; tensy ons Hom geraadpleeg het nie.

Díé **KANTOOR** staan onder jurisdiksie van die **Apostelskap van Jesus Christus**.

Daar word in ons dag – in die konteks van ***Ef. 4:11*** – te veel klem gelê op al die *Apostels en profete* in ons midde – d.w.s. dié wie outokraties optree, en outokraties met teokraties verwar.

In hierdie herdersbrief – as slot – van 66 herdersbriewe; wil ons soos 'n Johannes van ouds, van onsself af *wegwys* en die aandag vestig op Jesus Christus – ***Joh 1:29*** *"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"* Die gesag van Christus kan hoogstens gehandhaaf word, as ons verstaan en weet dat ***"alles"*** en ***"almal"*** onderworpe is, aan die gesag van **JESUS CHRISTUS**. Ons kan nie na *eie goeddenke* funksioneer nie en beslis nie as gevolg van ons eiesinnigheid in die **KERK** funksioneer nie – ook définitief nie ons eie gedagtes en opinies volg nie.

Daar word in hierdie Skrif 'n duidelike verband gebring, tussen die **APOSTELSKAP VAN JESUS CHRISTUS** en die **PRIESTERSKAP VAN JESUS CHRISTUS**.

Die tweede fout wat die Kerk kan maak is, *gewilligheid* om ons te beroep op **SY VOORBIDDING**, sonder die gewilligheid om ons aan Sy gesag te onderwerp. Dit is deel van die ***"sonde"*** van Jakob **–** ***Jes. 58:1*** *"Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes":* hardkoppigheid; eiewilligheid; onverskilligheid en onverantwoordelikheid. Ek maak 'n beroep op elkeen by EKD, om die balans tussen Jesus se Apostelskap en Priesterskap te handhaaf.

Hierdie teksvers, staan as duidelike **kenteken** van die HEILIGE BROEDERS. Dit is die karakter van die Bruid van Christus – ten opsigte hiervan moet ons onsself gereedmaak.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die verantwoordelikheid wat ons aanvaar, beteken om **deelgenote** van 'n **hemelse roeping** te wees. Het ons die perspektief om te verstaan, dat ons *deelgenote* is. D.w.s. medeverantwoordelik van wat in EKD gebeur. Is u passief ten opsigte van hierdie verantwoordelikheid?

Dit is 'n **HEMELSE ROEPING**, nie 'n leerstelling nie. Dit vra om koöperatief 'n **LEWENDE STEEN** van die bediening te wees. Is dit u aanname? Is dit ons belydenis?

Ek verklaar hiermee, teenoor die geesteswêreld: ons staan onder die gesag van die **APOSTEL, JESUS CHRISTUS!**

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335